
# Heidelbergse Kategismus

## Sondag: 47

Vraag 122: Wat is die eerste bede?




Antwoord: Laat u Naam geheilig word. Dit is: Gee allereers dat ons U reg ken en dat ons U heilig, roem en prys in al u werke waarin u almag, wysheid, goedheid, g…regtigheid, barmhartigheid en waarheid so skitter. …erder dat ons ons hele lewe, gedagtes, wo… …n werke daarop sal rig dat u Naam nie om on… …l gelaster nie, maar geëer en geprys word

# Heidelbergse Kategismus

## Sondag: 47

Vraag 122: Wat is die eerste bede?

Antwoord: Laat u Naam geheilig word. Dit is: Gee allereers dat ons U reg ken



Psalm 119:105: U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my lewenspad.

Jeremia 9:24: Slegs hierop moet die een wat wil roem, hom beroem: dat hy insig het en My ken, naamlik dat Ek die HERE is wat troue liefde, reg en geregtigheid handhaaf op aarde; want daarin vind Ek vreugde.” Dit is die uitspraak van die HERE.


Jeremia 31:33-34: “Nee, dít is die verbond wat Ek ná daardie dae met die huis van Israel sal sluit,” is die uitspraak van die HERE: “Ek sal my wet in hulle binneste gee, en dit op hulle harte skryf. Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. Hulle sal nie meer elkeen sy medemens of sy broer leer en sê, ‘Ken die Here!’ nie, want hulle almal sal My ken, van die kleinste tot die grootste onder hulle,” is die uitspraak van die HERE. “Want Ek sal hulle sondeskuld vergewe en aan hulle sonde sal Ek nie weer dink nie.”

Matteus 16:17: Jesus antwoord hom: “Gelukkig is jy, Simon Barjona, want vlees en bloed het dit nie aan jou bekend gemaak nie, maar my Vader in die hemele.

Johannes 17:3: En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en ook Hom wat U gestuur het – Jesus Christus.

Jakobus 1:5: As enigiemand van julle wysheid kortkom, laat hy dit vra van God, wat aan almal gee, sonder voorbehoud en sonder verwyt, en dit sal aan hom gegee word.

Vraag 122: Wat is die eerste bede?



Antwoord: Laat u Naam geheilig word. Dit is: Gee allereers dat ons U reg ken en dat ons U heilig, roem en prys in al u werke waarin u almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid so skitter.

Eksodus 34:6-7: Die HERE het reg voor hom verbygegaan en uitgeroep: “Die HERE, die HERE, 'n barmhartige en genadige God, geduldig, oorvloedig in troue liefde en waarheid, wat troue liefde vir duisende bly handhaaf, wat skuld, oortreding en sonde vergewe, maar wat beslis niks ongestraf laat nie, wat vir die sondeskuld van ouers, kinders en kleinkinders laat boet, ook die derde en vierde geslag.”

Psalm 119:137-138: Regverdig is U, HERE, en u beslissings is reg. U het in geregtigheid u bepalings uitgevaardig, en in goeie trou.

Psalm 145:8, 9: Genadig en barmhartig is die HERE, geduldig en groot in troue liefde. Die HERE is goed vir almal, en sy barmhartigheid strek oor al sy werke.

Jeremia 31:3: Van ver af het die HERE aan hom verskyn. “Met 'n ewige liefde het Ek jou liefgehad; daarom het Ek jou in troue liefde nadergetrek.


Lukas 1:46-47: “My siel loof die Here, my gees jubel oor God my Verlosser,

Lukas 1:68-69: “Lofwaardig is die Here, die God van Israel, want Hy het omgesien na sy volk en hulle bevryding bewerkstellig. 'n Kragtige verlossing het Hy vir ons bewerk uit die nageslag van Dawid, sy dienskneg,

Romeine 11:33: O, diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, en hoe onnaspeurbaar sy weë!

Vraag 122: Wat is die eerste bede?

Antwoord: Laat u Naam geheilig word. Dit is: Gee allereers dat ons U reg ken en dat ons U heilig, roem en prys in al u werke waarin u almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid so skitter. Gee verder dat ons ons hele lewe, gedagtes, woorde en werke daarop sal rig dat u Naam nie om ons ontwil gelaster nie, maar geëer en geprys word.



Psalm 71:8: My mond is vol lof vir U, die hele dag lank vol van u heerlikheid.

Psalm 115:1: Nie aan ons nie, HERE, nie aan ons nie, maar aan u Naam kom die eer toe, oor u troue liefde, oor u bestendigheid.

Matteus 5:16: “Laat julle lig só voor die mense skyn, sodat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, kan verheerlik.”

Vraag 122: Wat is die eerste bede?

Antwoord: Laat u Naam geheilig word. Dit is: Gee allereers dat ons U reg ken en dat ons U heilig, roem en prys in al u werke waarin u almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid so skitter. Gee verder dat ons ons hele lewe, gedagtes, woorde en werke daarop sal rig dat u Naam nie om ons ontwil gelaster nie, maar geëer en geprys word.

SONDAG: 47 - VRAAG EN ANTWOORD: 122

Vraag: Wat is die eerste bede?

Antwoord: Laat u Naam geheilig word. Dit is: Gee allereers dat ons U reg ken[1] en dat ons U heilig, roem en prys in al u werke waarin u almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid so skitter[2] . Gee verder dat ons ons hele lewe, gedagtes, woorde en werke daarop sal rig dat u Naam nie om ons ontwil gelaster nie, maar geëer en geprys word[3].

1 Psalm 119:105; Jeremia 9:24; Jeremia 31:33-34; Matteus 16:17; Johannes 17:3; Jakobus 1:5

2 Eksodus 34:6-7; Psalm 119:137-138; Psalm 145:8, 9; Jeremia 31:3; Lukas 1:46-47; Lukas 1:68-69; Romeine 11:33

3 Psalm 71:8; Psalm 115:1; Matteus 5:16